# GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

**DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION**

**NO. 6912** **8 December 2025**

**SOUTH AFRICAN SCHOOLS ACT, 1996**

**EXTENSION OF THE PUBLIC COMMENTS FOR REGULATIONS ON MINIMUM UNIFORM NORMS AND STANDARDS FOR CAPACITY OF ORDINARY PUBLIC SCHOOLS, 2025, AND ADMISSION OF LEARNERS TO PUBLIC SCHOOLS REGULATIONS**

The Department of Basic Education hereby notifies the public and stakeholders of the extension of the comments for the following notices: Notice No. 6713 (Government Gazette No. 53477 of 03 October 2025):

The Afrikaans languages of the Regulations on Capacity and Admission are added to the English languages that are already out for publication and all Regulations are extended until 05 January 2026.

All comments must be submitted to the Department by 05 January 2026, to

CapacityRegz@dbe.gov.za; for **REGULATIONS ON MINIMUM UNIFORM NORMS AND STANDARDS FOR CAPACITY OF ORDINARY PUBLIC SCHOOLS**; and AdmissionRegz@dbe.gov.za; for **ADMISSION OF LEARNERS TO PUBLIC SCHOOLS REGULATIONS.**

Comments must be addressed to the Director: Legal Services and marked for the attention of Adv Zukile Ntshwanti. Comments received after the closing date will not be considered.

**SIVIWE GWARUBE, MP**
MINISTER OF BASIC EDUCATION
DATE: 03 December 2025

**DEPARTEMENT VAN BASIESE ONDERWYS**

**NO. 6913** **8 Desember 2025**

## SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 1996

## REGULASIES OP DIE MINIMUM EENVORMIGE NORME EN STANDAARDE VIR KAPASITEIT VAN GEWONE OPENBARE SKOLE, 2025

Die Minister van Basiese Onderwys beplan, om uit kragte van artikel 61(1)(*b*) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), saamgelees met artikel 5A(1)(*b*) van die Wet, en na oorleg met die Minister van Finansies en die Raad van Onderwysministers, om die regulasies in hierdie Bylaes hierby uiteengesit, te maak.

Enige persoon wat geskrewe kommentaar op die konsep Regulasies wil indien, word hierby uitgenooi om dit binne 30 dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing in te dien—

(a) deur sodanige kommentaar na die volgende adres
toe te pos: Die Departement van Basiese Onderwys
Privaatsak X895
PRETORIA
0001;

(b) deur sodanige kommentaar per hand by die volgende adres
af te lewer: Die Departement van Basiese Onderwys
222 Struben Straat
Pretoria
0001;

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(c) deur sodanige kommentaar na die volgende e-posadres te stuur: CapacityRegz@dbe.gov.za

Kommentaar moet aan die Direkteur: Regsdienste gerig word, en vir die aandag van Adv. Zukile Ntshwanti gemerk word. Kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang is sal nie oorweeg word nie.

**SIVIWE GWARUBE, LP MINISTER**

**VAN BASIESE ONDERWYS**

## BYLAE

**Woordomskrywings**

**1.** In hierdie Regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet toegewys is, daardie betekenis en, tensy die samehang anders aandui–

**"klaskamer kapasiteit"** beteken die maksimum getal leerders wat in 'n klaskamer geakkommodeer kan word in 'n gewone openbare skool, waar die leerder-onderwyser proporsie en die leerder-en-onderwyser onderrig spasie oorweeg is;

**"dubbelmedium"** beteken twee tale wat deur die selfde onderwyser as die tale van onderrig en leer aangebied word;

**"gewone openbare skool"** beteken 'n openbare skool, met die uitsondering van skole vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes en 'n openbare skool wat onderrig met 'n gespesialiseerde fokus op talent, insluitend sport, uitvoerende kunste of kreatiewe kunste het;

**"parallelmedium"** beteken twee tale in twee klaskamers wat deur twee onderwysers as tale van onderrig en leer aangebied word;

**"register klas"** beteken 'n aangewese klaskamer waar leerders amptelik geregistreer word en waarvandaan hul toegang tot ander klaskamers kan kry vir verskeie vakke;

**"gespesialiseerde klaskamer"** beteken 'n kamer vir 'n spesifieke vak of doel met instrumente of ander hulpbronne vir eksperimente en leer soos werkswinkels, rekenaarkamers, wetenskap laboratoriums, biblioteke, musiekkamers, kunssentrums, gimnasiums, stoorkamers en skoolsale; en

**"die Wet"** beteken die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996).

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**Doelstellings van Regulasies**

**2.** Die doelstellings van hierdie Regulasies is om—

*(a)* die gebruik van onderrig spasies in gewone openbare skole te maksimeer; en

*(b)* te verseker dat alle klaskamers in skole effektief gebruik word en sodoende oorvol klasse vermy,

voorsiening te maak vir die minimum eenvormige norme en standaarde vir die kapasiteit van gewone openbare skole te aansien van die getal leerders wat 'n skool kan toelaat.

**Toepassing en trefwydte**

**3.**(1) Hierdie Regulasies is van toepassing op gewone openbare skole.

(2) Hierdie Regulasies dui die minimum eenvormige norme en standaarde vir die kapasiteit van gewone openbare skole te aansien van die getal leerders wat 'n skool kan toelaat.

**Minimum faktore**

**4.** Om die kapasiteit van 'n gewone openbare skool te bepaal, moet die volgende minimum faktore oorweeg word:

*(a)* die kurrikulum en vakke wat aangebied word, met inbegrip van die buitemuurse keuses wat aan leerders by die skool aangebied word;

*(b)* die verbetering of instandhouding van gehalte akademiese prestasie van 'n skool;

*(c)* tot watter mate die kurrikulum wat aangebied word vereenvoudig en bestuurbaar is, met oorweging van faktore soos die bekendstelling van dubbelmedium of parallelmedium onderrig en kurrikulum stroming;

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

*(d)* die impak van addisionele leerders wat tot die skool toegelaat kan word, om alle leerders se grondwetlike beskermde reg tot gehalte basiese onderwys te beskerm;

*(e)* die toestand van die klaskamers, laboratoriums en ander kamers of spasies wat vir onderrig in die gewone openbare skole gebruik word;

*(f)* die toekenning van klaskamers aan grade en spesifieke vakke;

*(g)* die Nasionale Gesondheid en Veiligheidstandaarde soos voorgeskryf ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet No. 85 van 1993);

*(h)* gepaste ablusie fasiliteite;

*(i)* die gebruik van beskikbare klaskamers in gewone openbare skole;

*(j)* die aantal personeellede van die gewone openbare skool;

*(k)* spasie beskikbaar vir die administratiewe behoeftes en onderwys ondersteunings areas;

*(l)* die getal gepaste klaskamers beskikbaar;

*(m)* klaskamer grootte;

*(n)* spasie wat benodig word vir sport, kultuur en ontspanningsaktiwiteite;

*(o)* 'n Analise van elke skool se bestaande spasie om meer leerders, waar nodig, te akkommodeer;

*(p)* die leerders se beste belange om gehalte onderrig by die gewone openbare skool te ontvang; en

*(q)* om oorvol skole te vermy.

**Bepaling van 'n gewone openbare skool se kapasiteit**

**5.**(1) Die kapasiteit van 'n gewone openbare skool is die totale som van die kapasiteit van al die klaskamers, met die uitsondering van gespesialiseerde klaskamers in daardie gewone openbare skool.

(2) Die kapasiteit van 'n gewone openbare skool klaskamer moet bepaal word deur gebruik te maak van die minimum norme en standaarde wat bepaal word in—

*(a)* regulasie 9(1) of (2), na gelang van die geval, vir 'n klaskamer grootte;

*(b)* regulasie 9(2)(*b*) of (5)(*b*), na gelang van die geval, vir die gemiddelde onderwyser se onderrig spasie; en

*(c)* regulasie 9(2)(*a*) of (5)(*a*), na gelang van die geval vir die gemiddelde leerder spasie.

(3) As 'n minimum eenvormige norm en standaard, moet die kapasiteit van 'n gewone openbare skool klaskamer bepaal word deur die toepassing van die volgende formule:

$$\text{Graad R Klaskamer Kapasiteit} = \frac{\text{Klaskamer Grootte- Onderwyser se Onderrig Spasie}}{\text{Gemiddelde Leerder Spasie}}$$

$$\text{Klaskamer Kapasiteit vir Ander} = \frac{\text{Klaskamer grotte- Onderwyser se Onderrig Spasie}}{\text{Gemiddelde Leerder Spasie}}$$

(4) 'n Assesseringsvorm soortgelyk aan die vorm in Aanhangsel A vervat, moet gebruik word om die kapasiteit van 'n gewone openbare skool te bepaal.

(5) 'n Volledige herbepaling van die kapasiteit van 'n gewone openbare skool mag benodig word in die geval van—

*(a)* spasie wat verwyder of spasie wat bygevoeg word;

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(*b*) verskeie kleiner spasies wat in 'n groter spasie verander word;

(*c*) veranderinge wat die tipe of funksie van 'n spasie raak, soos die verandering van onderbenutte spasie na gespesialiseerde klaskamers soos wetenskap laboratoriums; of

(*d*) buitengewone en onbeplande omstandighede soos noodgevalle, spesiale geleenthede of veranderinge in plaaslike demografie wat die gewone openbare skool se vermoë om leerders in die tradisionele wyse te akkommodeer, affekteer.

(6) Gespesialiseerde klaskamers mag nie gebruik word wanneer die kapasiteit van 'n gewone openbare skool bepaal word nie.

**Aantal onderwysers en klasgrootte**

**6.** Die minimum norm en standaard verhouding vir die getal van onderwysers en klasgrootte is—

(*a*) in die geval van Graad R, een onderwyser tot 'n maksimum van 30 leerders; en

(*b*) in die geval van Grade 1 tot 12, een onderwyser tot 'n maksimum van 40 leerders.

**Gehalte van prestasie**

**7.** 'n Gewone openbare skool moet verseker dat dit binne die bepaalde norme en standaarde vir onderwysergetalle en klasgrootte verhoudings bly, en oorvol klasse vermy om die gehalte van skool prestasie te beskerm.

**Kurrikulum en buitemuurse keuses**

**8.**(1) Leerders moet tot 'n register klaskamer toegelaat word in gewone openbare skole, in ooreenkoms met hul onderskeie grade en die toepaslike kapasiteit van die klaskamers.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(2) Leerders mag van hul register klasse na ander areas van spesialisasie ooreenkomstig die rooster en verskillende buitemuurse keuses beweeg, terwyl hul steeds aan 'n algemene register klaskamer behoort soos in sub-regulasie (1) beoog.

(3) Wanneer leerderinskrywings die beraamde getalle oorskry of onder die beraamde getalle val, kan aanpassings gemaak word aan die verspreiding van leerders oor klaskamers om leeromgewings te optimaliseer sonder om die fisiese of hulpbronbeperkings te oorskry.

**Klaskamer grootte**

**9.(1) Die grootte van 'n klaskamer word as volg bereken:**

$$\text{Klaskamer Grootte} = \text{lengte } x \text{ breedte}$$

(2) 'n Graad R klaskamer het 'n klaskamer grootte van ten minste 60 vierkante meter, waarvan—

*(a)* die minimum gemiddelde oppervlak spasie per leerder 1.6 vierkante meter is; en

*(b)* die minimum gemiddelde oppervlak spasie per die onderwyser se onderrig spasie 7 vierkante meter is.

(3) Die gemiddelde oppervlak spasie bedoel in sub-regulasies (2) en (5) sluit die benodigde en gepaste meubels in.

(4) Deur die formule soos bedoel in regulasie 5(3) te gebruik, kan die minimum kapasiteit van 'n Graad R klaskamer as volg bereken word:

$$\text{Graad R Klaskamer Kapasiteit} = \frac{60m^2 - 7m^2}{1,6m^2} = \frac{53m^2}{1,6\square^2} = 33 \text{ leerders}$$

(5) 'n Graad 1 tot 12 klaskamer het 'n klaskamer grootte van ten minste 48 vierkante meter, waarvan—

*(a)* die minimum gemiddelde oppervlak spasie per leerder 1 vierkante meter is; en

*(b)* die minimum gemiddelde oppervlak spasie per die onderwyser se onderrig spasie is 7 vierkante meter.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(6) Deur die formule soos bedoel in regulasie 5(3) te gebruik, kan die minimum kapasiteit van 'n Graad 1 tot 12 klaskamer as volg bereken word:

$$\text{Gewone Klaskamer Kapasiteit} = \frac{48m2 - 7m2}{1\square2} = \frac{41\square2}{1\square2} = 41\ \square\square\square\square\square\square\square\square$$

**Gebruik van beskikbare klaskamer**

**10.** Alle klaskamers moet effektief dwarsdeur die skooldag gebruik word, met minimale onderbenutte periodes, om te verseker dat die skool sy leerderpopulasie kan huisves sonder om oorvol te wees of hulpbronne te mors.

**Kort titel**

**11.** Hierdie Regulasies word die Regulasies met betrekking tot die Minimum Norme en Standaarde om Kapasiteit van Gewone Openbare Skole te bepaal, 2025, genoem.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

# AANHANGSEL A

## SKOOL KAPASITEIT ASSESSERINGSVORM [VOORBEELD]

| AFDELING A: ALGEMENE SKOOL INLIGTING | | | |
|---|---|---|---|
| Skool naam: | VOORBEELD SKOOL | EMIS-nommer: | |
| Distrik munisipaliteit: | | Plaaslike munisipaliteit: | |
| Straat Adres | | | |
| Skoolhoof | | Hoof selfoon: | |
| Skool landlyn: | | E-posadres: | |
| Grade aangebied | | Huidige leerderinskrywings | |

**AFDELING B: BEREKENING VAN KLASKAMERKAPASITEIT [GRAAD R KLASKAMERS EN GEWONE KLASKAMERS]**

| No. | Fisiese Eienskap [Graad R en Gewone klaskamers] | Gebruik | Lengte | Breedte | Klaskamer grootte (m²) | Onderwyser onderrig spasie | Onderrig spasie | Gemiddelde Leerderspasie | Berekende leerders per klaskamer | Klaskamer grootte soos per 7(1) | Klaskamer Kapasiteit | Leerder inskrywings (Huidig) | Beraamde leerder inskrywings vir volgende jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | **GRAAD R KLASKAMER** | GRAAD R (A) | 10,5 | 7,0 | 74 | 7 | 67 | 1,6 | 42 | 30 | 30 | 36 | 30 |
| 2 | **GRAAD R KLASKAMER** | GRAAD R (B) | 10,5 | 7,0 | 74 | 7 | 67 | 1,6 | 42 | 30 | 30 | 39 | 30 |
| 3 | **GRAAD R KLASKAMER** | GRAAD R (C) | 10,5 | 7,0 | 74 | 7 | 67 | 1,6 | 42 | 30 | 30 | 48 | 30 |
| 4 | **KLASKAMER** | GRAAD 1 (A) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 46 | 41 |
| 5 | **KLASKAMER** | GRAAD 1 (B) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 48 | 41 |
| 6 | **KLASKAMER** | GRAAD 2 (A) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 35 | 41 |
| 7 | **KLASKAMER** | GRAAD 2 (B) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 37 | 46 |
| 8 | **KLASKAMER** | GRAAD 2 (C) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 38 | 48 |



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

| No. | Fisiese Eienskap [Graad R en Gewone klaskamers] | Gebruik | Lengte | Breedte | Klaskamer grootte (m²) | Onderwyser onderrig spasie | Onderrig spasie | Gemiddelde Leerderspasie | Berekende leerders per klaskamer | Klaskamer grootte soos per 7(1) | Klaskamer Kapasiteit | Leerder inskrywings (Huidig) | Beraamde leerder inskrywings vir volgende jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | **KLASKAMER** | GRAAD 3 (A) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 43 | 35 |
| 10 | **KLASKAMER** | GRAAD 3 (B) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 45 | 37 |
| 11 | **KLASKAMER** | GRAAD 4 (A) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 49 | 38 |
| 12 | **KLASKAMER** | GRAAD 4 (B) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 47 | 43 |
| 13 | **KLASKAMER** | GRAAD 5 (A) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 38 | 45 |
| 14 | **KLASKAMER** | GRAAD 5 (B) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 32 | 49 |
| 15 | **KLASKAMER** | GRAAD 5 (C) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 33 | 47 |
| 16 | **KLASKAMER** | GRAAD 6 (A) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 33 | 38 |
| 17 | **KLASKAMER** | GRAAD 6 (B) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 31 | 32 |
| 18 | **KLASKAMER** | GRAAD 6 (C) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 32 | 33 |
| 19 | **KLASKAMER** | GRAAD 7 (A) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 37 | 33 |
| 20 | **KLASKAMER** | GRAAD 7 (B) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 36 | 31 |
| 21 | **KLASKAMER** | GRAAD 7 (C) | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | 33 | 32 |
| 22 | **KLASKAMER** | GEBRUIK VIR VAK | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | | |
| 23 | **KLASKAMER** | GEBRUIK VIR VAK | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | | |
| 24 | **KLASKAMER** | GEBRUIK VIR VAK | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | | |
| 25 | **KLASKAMER** | GEBRUIK VIR VAK | 7,98 | 7,68 | 61 | 7 | 54 | 1 | 54 | 40 | 40 | | |

## AFDELING C: GESPESIALISEERDE KLASKAMERS

Gespesialiseerde Klaskamers moet opgeneem word, maar word die gebruik om die skool se kapasiteit te bereken nie.

| No. | Fisiese Eienskap [Gespesialiseerde Klaskamers] | Gebruik | Lengte | Breedte | Klaskamer grootte ($m^2$) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | **WETENSKAP LABORATORIUM** | Wetenskap | 13,6 | 7,68 | 104 |
| 2 | **REKENAARKAMER** | Rekenaar | 12,3 | 7,68 | 94 |
| 3 | **REKENAARKAMER** | Rekenaar | 12,3 | 7,68 | 94 |
| 4 | **BIBLIOTEEK** | Biblioteek | 8,9 | 7,68 | 68 |

## AFDELING D: SANITASIE EN BUITEMUURSE AKTIEWITEITE

Sanitasie en buitemuurse aktiwiteite moet opgeteken word, maar word nie gebruik om die skool se kapasiteit te bereken nie.

### FISISES EIENSKAPPE [SANITASIE]

| Getal van Toilet sitplekke (Soos per Aanhangsel D van die Regulasies vir Minimum Eenvormige Norme en Standaarde vir Openbare Skoolinfrastruktuur) | Getal beskikbaar | Getal benodig vir die skool kapasiteit [Aanhangsel D van N&S] | Die getal benodig vir die huidige getal leerders | Die gaping ingevolge toilet sitplekke vir skool kapasiteit |
|---|---|---|---|---|
| Meisies Toilette | 16 | 14 | 14 | 0 |
| Seuns Toilette | 10 | 7 | 7 | 0 |
| Seuns Urinale | 10 | 3 | 3 | 0 |
| Uniseks-Graad R Toilette | 12 | 9 | 9 | 0 |
| Uniseks-Gestremde Toilette | 2 | 3 | 3 | 1 |
| Vroulike Personeel Toilette | 3 | 5 | 5 | 2 |
| Manlike Personeel Toilette | 2 | 2 | 2 | 0 |
| Manlike personeel Urinale | 2 | 3 | 3 | 1 |

### BUITEMUURSE AKTIWITEITE

| Tipe | Sokker | Krieket | Rugby | Tennis | Hokkie | Ander |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aangebied: | | | | | | |
| No. van Veld: | | | | | | |

| SKOOL KAPASITEIT | | | |
|---|---|---|---|
| Totale Getal van Klaskamers (insl. Graad R) | 25 | Totale Getal van Gespesialiseerde Kamers | 4 |
| Totale Klaskamer Kapasiteit bereken [slegs Afdeling B] | 970 | Oorvol status– Getal van klaskamers wat die Klaskamer grootte oorskry | 9 |
| Totale Leerderinskrywings (Huidig) | 816 | Totale Beraamde leerderinskrywings (volgende jaar) | 800 |
| Gebruik koers (% van totale kapasiteit gebruik) (Huidige Inskrywings) | 84.1% | Bykomende klaskamers benodig (indien van toepassing) [Voorsien redes hieronder] | |
| Bykomende Aanmerkings | | | |

| BYKOMENDE KOMMENTAAR | ONDERSTEUNENDE DOKUMENTE |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**ONDERTEKENING DEUR SKOOL**

Ons, die ondergetekende, bevestig hierby dat die **Skoolkapasiteit Assesseringsvorm** volledig voltooi is en in ooreenkoms met die toepaslike skoolkapasiteit regulasies nagegaan is. Hierdie verklaring bevestig dat:

(a) Die skoolbeheerliggaam (SBL) die skool se kapasiteit assessering hersien en bespreek het tydens 'n formele vergadering, soos weerspieël in die aangehegte notules en bywoningsregister (in die ondersteunende dokumente afdeling hierbo gelys).

1. **Die inligting wat in hierdie vorm voorsien word is 'n akkurate verteenwoordiging van die skool se huidige kapasiteit, met oorweging van alle faktore wat in die skool se kapasiteitregulasies vermeld word.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **NAAM VAN SKOOLHOOF** | ______________ | **NAAAM VAN DIE VOORSITTER VAN DIE SKOOLBEHEERLIGGAAM** | ______________ |
| **HANDTEKENING** | ______________ | **HANDTEKENING** | ______________ |
| **DATUM** | ______________ | **DATUM** | ______________ |

**AMPTELIKE SKOOLSTEMPEL**

**VIR KANTOOR GEBRUIK**
**ONDERTEKENING DEUR PROVINSIALE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Goedkeuring | Goedgekeur | | Totale goedgekeurde Kapasiteit | | Aanmerkings, indien enige | |
| | Nie goedgekeur nie | | Rede vir 'Nie goedgekeur nie' | | Aanmerkings indien verdere ondersoek benodig word of skool kapasiteit nie goedgekeur is nie | |

NAAM VAN AMPTENAAR ____________________

HOEDANIGHEID ____________________

HANDTEKENING ____________________

DATUM ____________________

AMPTELIKE DEPRARTEMENTELESEËL

**BYKOMENDE KOMMENTAAR**

## 2. SKOOLKAPASITEIT ASSESSERINGSVORM

| AFDELING A: ALGEMENE SKOOL INLIGTING | | | |
|---|---|---|---|
| Skool naam: | | EMIS nommer: | |
| Distrik munisipaliteit: | | Plaaslike munisipaliteit: | |
| Straat Adres | | | |
| Skoolhoof | | Hoof selfoon: | |
| Skool landlyn: | | E-posadres: | |
| Grade aangebied | | Huidige leerder inskrywings | |

**AFDELING B: BEREKENING VAN KLASKAMERKAPASITEIT [GRAAD R KLASKAMERS EN GEWONE KLASKAMERS]**

| No. | Fisiese Eienskap [Graad R en Gewone klaskamers] | Gebruik | Lengte | Breedte | Klaskamer grootte ($m^2$) | Onderwyser onderrig spasie | Onderrig spasie | Gemiddelde Leerder spasie | Berekende leerders per klaskamer | Klaskamer grootte soos per 7(1) | Klaskamer Kapasiteit | Leerder inskrywings (Huidig) | Beraamde leerder inskrywings vir volgende jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |

| No. | Fisiese Eienskap [Graad R en Gewone klaskamers] | Gebruik | Lengte | Breedte | Klaskamer grootte ($m^2$) | Onderwyser onderrig spasie | Onderrig spasie | Gemiddelde Leerder spasie | Berekende leerders per klaskamer | Klaskamer grootte soos per 7(1) | Klaskamer Kapasiteit | Leerder inskrywings (Huidig) | Beraamde leerder inskrywings vir volgende jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | |

## AFDELING C: GESPESIALISEERDE KLASKAMERS

Gespesialiseerde Klaskamers moet opgeneem word, maar word die gebruik om die skool se kapasiteit te bereken nie.

| No. | Fisiese Eienskap [Gespesialiseerde Klaskamers] | Gebruik | Lengte | Breedte | Klaskamer grootte ($m^2$) |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

## AFDELING D: SANITASIE EN BUITEMUURSE AKTIEWITEITE

Sanitasie en buitemuurse aktiwiteite moet opgeteken word, maar word nie gebruik om die skool se kapasiteit te bereken nie.

### FISISES EIENSKAPPE [SANITASIE]

| Getal van Toilet sitplekke (Soos per Aanhangsel D van die Regulasies vir Minimum Eenvormige Norme en Standaarde vir Openbare Skool infrastruktuur) | Getal beskikbaar | Getal benodig vir die skool kapasiteit [Aanhangsel D van N&S] | Die getal benodig vir die huidige getal leerders | Die gaping ingevolge toilet sitplekke vir skool kapasiteit |
|---|---|---|---|---|
| Meisies Toilette | | | | |
| Seuns Toilette | | | | |
| Seuns Urinale | | | | |
| Uniseks-Graad R Toilette | | | | |
| Uniseks-Gestremde Toilette | | | | |
| Vroulike Personeel Toilette | | | | |
| Manlike Personeel Toilette | | | | |
| Manlike personeel Urinale | | | | |

### BUITEMUURSE AKTIWITEITE

| Tipe | Sokker | Krieket | Rugby | Tennis | Hokkie | Ander |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aangebied: | | | | | | |
| No. van Veld: | | | | | | |

| SKOOL KAPASITEIT | | | |
|---|---|---|---|
| Totale Getal van Klaskamers (insl. Graad R) | | Totale Getal van Gespesialiseerde Kamers | |
| Totale Klaskamer Kapasiteit bereken [slegs Afdeling B] | | Oorvol status– Getal van klaskamers wat die Klaskamer grootte oorskry | |
| Totale Leerderinskrywings (Huidig) | | Totale Beraamde leerderinskrywings (volgende jaar) | |
| Gebruik koers (% van totale kapasiteit gebruik) (Huidige Inskrywings) | | Bykomende klaskamers benodig (indien van toepassing) [Voorsien redes hieronder] | |
| Bykomende Aanmerkings | | | |
| | | | |

| BYKOMENDE KOMMENTAAR | ONDERSTEUNENDE DOKUMENTE |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| ONDERTEKENING DEUR SKOOL |
|---|

Ons, die ondergetekende, bevestig hierby dat die **Skoolkapasiteit Assesseringsvorm** volledig voltooi is en in ooreenkoms met die toepaslike skoolkapasiteit regulasies nagegaan is. Hierdie verklaring bevestig dat:

(b) Die skoolbeheerliggaam (SBL) die skool se kapasiteit assessering hersien en bespreek het tydens 'n formele vergadering, soos weerspieël in die aangehegte notules en bywoningsregister (in die ondersteunende dokumente afdeling hierbo gelys).

**3. Die inligting wat in hierdie vorm voorsien word is 'n akkurate verteenwoordiging van die skool se huidige kapasiteit, met oorweging van alle faktore wat in die skool se kapasiteit regulasies vermeld word.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| NAAM VAN SKOOLHOOF | ______________ | NAAAM VAN DIE VOORSITTER VAN DIE SKOOLBEHEERLIGGAAM | ______________ |
| HANDTEKENING | ______________ | HANDTEKENING | ______________ |
| DATUM | ______________ | DATUM | ______________ |

AMPTELIKE SKOOLSTEMPEL

**VIR KANTOOR GEBRUIK**
**ONDERTEKENING DEUR PROVINSIALE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Goedkeuring | Goedgekeur | | Totale goedgekeurde Kapasiteit | | Aanmerkings indien enige | |
| | Nie goedgekeur nie | | Rede vir 'Nie goedgekeur nie' | | Aanmerkings indien verdere ondersoek benodig word of skool kapasiteit nie goedgekeur is nie | |

NAAM VAN AMPTENAAR ____________________

HOEDANIGHEID ____________________

HANDTEKENING ____________________

DATUM ____________________

AMPTELIKE DEPRARTEMENTELESEËL

**BYKOMENDE KOMMENTAAR**

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

Bladsy

**DEPARTEMENT VAN BASIESE ONDERWYS**

**NO. 6914** **8 Desember 2025**

**SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 1996**

**REGULASIES VIR TOELATING VAN LEERDERS TOT OPENBARE SKOLE**

Die Minister van Basiese Onderwys beplan, om uit kragte van artikel 61(1)(*a*B) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), om die regulasies in die Bylaes hierby uiteengesit, te maak.

Enige persoon wat geskrewe kommentaar op die konsep Regulasies wil indien, word hierby uitgenooi om dit binne 30 dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing in te dien—

(a) deur sodanige kommentaar na die volgende
adres te pos: Privaatsak X895
PRETORIA
0001;

(b) deur sodanige kommentaar per hand by die volgende adres af te lewer:
Die Departement van Basiese Onderwys
222 Struben Straat
Pretoria
0001; of

(c) deur e-pos van sodanige kommentaar na die volgende adres:
AdmissionRegz@dbe.gov.za.

Kommentaar moet aan die Direkteur: Regsdienste gerig word, en vir die aandag van Adv. Zukile Ntshwanti gemerk word. Kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang is sal nie oorweeg word nie.

**SIVIWE GWARUBE, LP**
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**

**BYLAE**

**Inhoudsopgawe**

1. Woordomskrywings....3
2. Trefwydte....3
3. Doel....3
4. Koördinasie en Administrasie van Leerder Toelating....4
5. Toelatingsbeleide van Openbare Skole....5
6. Gesag van die Departementshoof om Leerders toe te laat....5
7. Hersiening van Toelatingsbeleide....6
8. Herinskrywing van leerders....6
9. Weiering van leerder toelating....7
10. Verpligte toelating van leerder na openbare skole....7
11. Toelatingsregister....7
12. Verwydering van leerder van die toelatingsregister....8
13. Dokumente benodig vir toelating van 'n leerder....8
14. Bewys van inenting....10
15. Skoolkommunikasie met ouers/leerders rakende die status van toelating....12
16. Toelating van leerders wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie....12
17. Toelating van ongedokumenteerde leerders....14
18. Leerders met spesiale onderwysbehoeftes....14
19. Kriteria vir toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool op 'n ouderdom laer as die toelatingsouderdom vir graad R....15
20. Toelating van leerders op 'n ouderdom bo die ouderdomsvereistes....15
21. Skoolsonering....16
22. Regte en verpligtinge van ouers....17
23. Reg tot appèl....17
24. Kort titel....18

## Woordomskrywings

**1.** In hierdie Regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis in die Wet op die Nasionale onderwysbeleid, 1996 (Wet No. 27 van 1996), of die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996) toegewys is daardie betekenis, en tensy die samehang anders aandui beteken–

**"*toelatingstydperk*"** die tydperk waar aansoeke vir toelating vir inskrywing van toegangsgraad leerders tot openbare skole ingedien en verwerk moet word, soos deur die departementshoof bepaal;

**"*verpligte skoolgaande ouderdom*"** die ouderdom waar 'n leerder verplig is om skool by te woon kragtens artikel 3(1) van die Wet;

***"Grondwet"*** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996***;***

**"*Departement*"** die departement verantwoordelik vir aangeleenthede verwant aan onderwys in die tersaaklike provinsie;

**"*toegangsgraad leerder*"** 'n leerder wat inskrywing tot 'n openbare skool in Graad R, Graad 1 of Graad 8 benodig;

**"*DH*"** 'n Departementshoof soos in die Wet omskryf;

"***toelatingsregister***" 'n Lys van name van leerders wat tot 'n skool toegelaat word ooreenkomstig hierdie Regulasies;

"***die Wet***" beteken die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996);

"***totale skoolprogram***" alle kurrikulum, sport en sosiale aktiwiteite wat amptelik deur 'n openbare skool aangebied word, en alle verslaglewering wat deel vorm van sodanige aktiwiteite.

## Trefwydte

**2.**(a) Hierdie Regulasies word eenvormig aan alle Departemente en alle openbare skole toegepas.

(b) Waar 'n provinsiale lasgewing op leerdertoelatings teenstrydig met hierdie Regulasies is, kry die bepalings van hierdie Regulasies voorkeur.

(c) 'n Openbare skool se toelatingsbeleid, soos bepaal deur die beheerliggaam, moet met die Grondwet, die Wet en hierdie Regulasies ooreenstem.

## Doel

**3.** Die doel van hierdie Regulasies is om aan alle Departemente en die beheerliggame van alle openbare skole met voorskrywende bepalings te voorsien om leerdertoelating in openbare skole te bestuur.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## Koördinasie en administrasie van leerder toelating

**4.** (1) Die DH is verantwoordelik vir die koördinering van leerdertoelatings in openbare skole in samewerking met skoolbeheerliggaame, met die doel om te verseker dat alle aanmerklike leerders betyds en effektief ingevolge van die Wet geakkommodeer kan word.

(2) Die DH moet die jaarlikse toelatingsperiode bepaal en 'n duidelike proses instel vir die hantering van aansoeke vir die plasing van leerders. Die proses moet nie later as Mei in die jaar voor die beoogde skooljaar gefinaliseer word nie.

(3) 'n Jaarlikse toelatingsbestuurplan moet uitgereik word voor die begin van die toelatingsperiode en moet aan skole en die publiek in 'n toeganklike formaat beskikbaar gemaak word.

(4) Die toelatingsbestuurplan moet duidelike tydlyne voorsien en leiding oor ten minste die volgende gee:

(a) Die toelatingstydperk;

(b) die periode waartydens leerder anders as toegangsgraad leerders wat in openbare skole ingeskryf is, na die volgende graad bevorder kan word; en

(c) strategieë om te verseker dat vroeë aansoeke, met inbegrip van ondersteuning en voorspraak inisiatiewe.

(5) Aansoeke vir die toelating tot toegangsgrade moet óf aanlyn óf by skole ooreenkomstig die proses wat deur die DH bepaal is, ingedien word.

(6) Aansoeke vir ander grade moet in ooreenkoms wees met die metode wat deur die DH bepaal is.

(7) Alle openbare skole moet hul toelatingsprosesse en praktyke met die amptelike prosedures en tydlyne deur die DH gekommunikeer belyn.

(8) Skoolhoofde moet verseker dat ouers redelike bystand ontvang wanneer die aansoekvorms voltooi word.

(9) Onderhewig aan artikel 5(5)(*b*) van die Wet en regulasie 6, is die skoolhoof van 'n openbare skool verantwoordelik vir die toelating van leerders tot die skool ooreenkomstig die toelatingsbeleid soos deur die beheerliggaam van die skool bepaal, en onder die afgevaardigde gesag van die DH.

(10) Geen aanmerklike leerder mag toegang tot 'n openbare skool afgewys word nie, tensy dit ooreenkomstig die Wet of hierdie Regulasies is.

(11) Alle leerders van verpligte skoolgaande ouderdom moet as voorkeur plek gegee word. Waar spasie beperk is, moet voorkeur aan hierdie leerders gegee word.

(12) Wanneer hierdie bepalings toegepas word, moet alle amptenare van die Departement, skoolhoofde, beheerliggame en ouers te goeder trou saam werk, en die beste belange van leerders voorkeur gee en elke poging maak om geskille te vermy en die wetlike grondslag onder artikel 3(7) van die Wet te respekteer.

## Toelatingsbeleide van Openbare Skole

**5.**(1) Wanneer 'n toelatingsbeleid opgestel of gewysig word moet die beheerliggaam verseker dat die beleid billik, regverdig en dat die volgende in aanmerking geneem word:

(a) Die beste belang van leerders, in besonder die belangrikheid van billike toegang en die verwydering van hindernisse tot deelname;

(b) die demografie en onderwysbehoeftes van die omliggende gemeenskap, met inbegrip van taalvoorkeure en die aantal leerders van verpligte skoolgaande ouderdom;

(c) die beskikbaarheid en kapasiteit van nabygeleë skole;

(d) die hulpbronne en infrastruktuur beskikbaar in die skool;

(e) die skool se kapasiteit soos bepaal ooreenkomstig beskikbare kapasiteitregulasies en norme en standaarde;

(f) enige departementele planne vir skoolontwikkeling of uitbreiding in die area; en

(g) enige ander tersaaklike faktore wat regverdige en inklusiewe toelatings ondersteun.

(2) Enkelgeslagskole mag voortgaan om inskrywings te beperk in ooreenstemming met hul aangewysde geslagsfokus.

(3) 'n Openbare skool se toelatingsbeleid moet aan die ouers en aan die Departement op versoek beskikbaar gemaak word.

## Gesag van die Departementshoof om Leerders toe te laat

**6.**(1) Die DH het die finale gesag om 'n leerder in 'n openbare skool toe te laat, na oorlegpleging met die beheerliggaam van die skool, maar sodanige gesag oorskry nie enige besluit wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad kragtens artikel 5(9) van die Wet gamaak is nie.

(2) Voor die gesag om 'n leerder toelating tot 'n openbare skool toe te staan, uitgeoefen kan word, moet die DH die beheerliggaam van die openbare skool skriftelik in kennis stel van sy of haar opset om hierdie gesag uit te oefen en 'n billike geleentheid aan die beheerliggaam verskaf om te antwoord.

(3) Die geskrewe kennisgewing aan die beheerliggaam van die openbare skool moet redes en sleutelfaktore wat die DH se besluit ingelig het, insluit.

(4) Die DH moet die volgende in ag neem wanneer die finale besluit gemaak word–

(a) die beste belang en spesifieke behoeftes van die leerder, met inbegrip van die leerder se ouderdom en onderrigondersteuning wat benodig word;

(b) die hulpbronne wat by die openbare skool en binne die Departement beskikbaar is om die leerder te akkomodeer;

(c) die openbare skool se kapasiteit en spasie besikbaar in ooreenstemming met toepaslike kapasiteit regulasies en norme en standaarde;

(d) die openbare skool se toelatingsbeleid en sy nakoming van die wet;

(e) die beskikbaarheid van kapasiteit in nabygeleë skole;

(f) die breër behoeftes van die gemeenskap en toegang tot alternatiewe skole;

(g) enige planne vir die skool se ontwikkeling of uitbreiding in die omgewing;

(h) alle vertoë wat deur die beheerliggaam gemaak is; en

(i) enige ander tersaaklike oorwegings.

(5) Die DH mag slegs 'n leerder in 'n openbare skool plaas, indien—

(a) die skool spasie het om die leerder te akkomodeer;

(b) die skool die leerder se onderwysbehoeftes kan voorsien;

(c) die nodige hulpbronne beskikbaar is of voorsien kan word; en

(d) daar geen hangende appèl deur die ouer of leerder kragtens artikel 5(9) van die Wet is nie.

(6) Wanneer 'n besluit deur die DH gemaak is, moet die DH die beheerliggaam van die openbare skool skriftelik in kennis stel en redes versaf en die beheerliggaam se reg om kragtens artikel 5(11) van die Wet, teen die besluit te appelleer.

## Hersienning van Toelatingsbeleide

**7.**(1) Indien die DH glo dat 'n openbare skool se toelatingsbeleid nie aan die Wet of hierdie Regulasies voldoen nie, moet die beheerliggaam skriftelik versoek word om hul beleid te hersien en te wysig.

(2) Die skriftelike voersoek aan die beheerliggaam moet duidelik die redes vir die hersienning en die probleemareas verduidelik.

(3) Op ontvangs van sodanige versoek moet die beheerliggaam die toelatingsbeleid binne 'n billike tydperk wat nie negentig dae oorskry nie, hersien.

## Herinskrywing van leerders

**8.** Leerders wat reeds by skole ingeskryf is hoef nie weer aansoek vir toelating aan die einde van elke fase by daardie skool te doen nie.

## Weiering van leerder toelating

**9.** 'n Leerder mag nie op gronde van onregverdige diskriminasie, met inbegrip van ras, etniese of sosiale oorsprong, nasionaliteit, kleur, geslagtelikheid, geslag, ouderdom, gestremdheid, seksuele oriëntasie, geloof, gewete, oortuiging, kultuur, taal, swangerskap, MIV en VIGS status, of enige ander siekte, toelating geweier word nie.

## Verpligte toelating van leerder na openbare skole

10. 'n Leerder moet tot die totale skoolprogram toegelaat word op, of na toelating, en mag nie van klasse geskors, toegang tot kulturele, sport of sosiale aktiwiteite van die skool geweier word of die reg om eksamen te skryf geweier word nie, 'n skoolrapport of oorplasingsertifikaat geweier word nie of anders teen gediskrimineer word op gronde van dat sy of haar ouer—

(a) nie skoolgelde kan betaal nie of nie die vereiste skoolgelde betaal het nie, of vrywaring van die betaal van skoolgelde ontvang het kragtens die Regulasies Verwant aan die Vrywaring van Ouers om Skoolgelde in Openbare Skole te betaal;

(b) nie tot die skool se doelstelling op of na toelating onderskryf het nie, weens kulturele oortuigings, godsdienstige waarneming, mediese omstandighede of enige ander redelike gronde soos deur die leerder of ouers van die leerder ingedien; of

(c) geweier het om 'n kontrak te betree waar die ouer enige eis vir skadevergoeding wat uit die onderrig van die leerder ontstaan, laat vaar.

## Toelatingsregister

**11.**(1) Om die nakoming van die Wet en hierdie Regulasies te moniteer en ondersteun, moet die skoolhoof van 'n openbare skool 'n toelatingstegister hou waarin alle leerders wat tot die skool toegelaat is opgeneem word.

(2) Die toelatingsregister moet die naam, geboortedatum, ouderdom, identiteitsnommer (indien beskikbaar), paspoort nommer, visum of permit nommer, asielversoekers visum nommer, vlugteling visum nommer (indien van toepassing en beskikbaar), en die adres van die leerder, sowel as die name van die leerder se ouers, hul adresse en telefoon nommers, waar van toepassing.

(3) Inskrywings in die toelatingsregister moet teen die leerder se dokumente gelys in regulasies 13, 14, 16 en 17 nagegaan word.

(4) Amptenare van die Departement moet toegang tot die toelatingsregister hê.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## Verwydering van leerder vanaf die toelatingsregister

**12.** Die naam van 'n leerder moet vanaf die skool se toegangsregister verwyder word wanneer die leerder—

(a) die skool verlaat na graad 12 of na die voltooiing van die hoogste graad wat aangebied word óf na die voltooiing van die verpligte skoolgaande periode, óf van verpligte bywoning kragtens artikel 4 van die Wet onthef word;

(b) aansoek doen vir 'n oorplasing na 'n ander skool en die oorplasing bewerkstellig word;

(c) van die skool geskors word;

(d) vir tuisonderrig geregistreer is;

(e) aanhoudend afwesig is soos beoog in die Beleid op Leerder bywoning uitgegee in Algemene Kennisgewing No. 361 in *Staatskoerant* No. 33150 van 4 Mei 2010;

(f) nie na die skool terugkeer nie en die ouers die skool in kennis gestel het dat die leerder nie na die skool sal terugkeer nie; of

(g) oorlede is.

## Dokumente benodig vir toelating van 'n leerder

**13.**(1) 'n Aansoek vir toelating moet oorweeg word selfs as 'n ouer nie in staat is om die geboortesertifikaat in te dien nie, of slegs 'n geskrewe bevestiging of beëdigde skriftelike verklaring wat die ouderdom van 'n leerder bevestig.

(2) Die hoof van 'n openbare skool moet die ouers in kennis stel dat artikel 31 van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet No. 51 van 1992) dit 'n misdryf maak om 'n valse verklaring te maak of te veroorsaak dat 'n valse verklaring oor die kind se ouderdom gemaak word.

(3) Indien 'n ouer versuim om die geboortesertifikaat van 'n leerder as deel van die aansoek vir toelating tot 'n openbare skool in te dien, moet die skoolhoof van die openbare skool die leerder toelaat waar die leerder anders kwalifiseer vir toelating, die leerder se ouers aanraai om die geboortesertifikaat te bekom, en die saak na die DH vir verdere aksie verwys.

(4) Die DH of 'n persoon wat deur hom of haar gemagtig is, moet die ouers aanspreeklik hou om 'n geboortesertifikaat vir leerders waarvoor hul verantwoordelik is te bekom, en mag die naaste kantoor van die Departement van Binnelandse Sake skakel vir bystand rakende die saak: Met dien verstande dat dit die hoof verantwoordelikheid van ouers is om die geboortesertifikaat van leerders waarvoor hul verantwoordelik is, te bekom.

(5) In die geval van 'n kind wat sorg en beskerming nodig het, soos in artikel 150 van die "Children's Act, 2005" (Wet No. 38 van 2005) beoog–

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(a) wat in 'n kinder- en jeugsorgsentrum is, word 'n hofplasingsbevel benodig as deel van die aansoek vir toelating vir die kind tot 'n openbare skool; of

(b) wat onder die sorg van familielede is, word 'n beëdigde verklaring deur 'n verantwoordelike familielid benodig wat die reëlings soos benodig bevestig as deel van die aansoek vir toelating van die kind tot 'n openbare skool: met dien verstande dat die versorger of maatskaplike werker wat vir die kind verantwoordelik is, redelike pogings moet maak om die kind se identiteitsdokumente te verkry en, indien enige van die vereiste dokumente nie verkry kan word nie, moet die versorger of maatskaplike werker wat vir die kind verantwoordelik is, 'n geskrewe motiveringsverslag indien wat die besonderhede van die omstandighede verskaf wat onderhewig aan verdere assessering, deur die toepaslike gesag, is.

(6) Geldige bewys van die ouers se woon- of werksadresse moet as deel van 'n aansoek vir toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool ingedien word om die afstand van 'n ouer se woonadres of werksadres na 'n skool ooreenkomstig die toelatingsvereistes in die skooltoelatingsbeleid, te waarmerk.

(7) Die volgende dokumente mag as 'n ouer se bewys van woon- of werksadres aanvaar word:

(a) 'n Munisipale rekening (Water, elektrisiteit, of tariewe) te aansien van die woonadres, nie ouer as drie maanse nie;

(b) 'n getekende huurkontrak te aansien van die woonadres;

(c) 'n beëdigde verklaring wat die woonadres bevestig, ondersteun deur bykomende dokumentasie soos 'n bankstaat of brief van die eienaar van die eiendom;

(d) 'n brief van die ouers se werkgewer, op 'n amptelike briefhoof, wat die ouer se werksadres bevestig, indien toelating op die werksplek se nabyheid gebasseer is; of

(e) enige ander amptelike dokumentasie soos deur die DH bepaal is: met dien verstande dat die openbare skool wat sodanige dokumentasie ontvang, die dokumentasie wat voorsien is mag nagaan, en waar nodig, bykomende dokumentasie vir die doeleindes van kontrole, aanvra.

(8) Die indien van valse of misleidende inligting of dokumentasie deur 'n ouer as deel van 'n aansoek vir toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool mag lei na die afkeur van die toelatingsaansoek of die kansellasie van toelating.

(9) Waar van toepassing, moet die laaste rapport wat deur 'n leerder se vorige skool of onderwysinstansie uitgereik is, as deel van 'n aansoek vir toelating van die leerder tot 'n openbare skool ingedien word om te bepaal in watter graad die leerder geplaas moet word.

(10) Wanneer 'n leerder van een openbare skool na 'n ander oorgeplaas word moet die skoolhoof van die oorplasingsskool 'n oorplasingskaart voltooi en dit aan die ouer of die leerder oorhandig, of dit na die skoolhoof van die ontvangskool stuur.

(11) Indien die oorplasingskaart nie beskikbaar is nie, moet die skoolhoof van die ontvangskool die leerder toelaat en die leerder in 'n graad plaas op grond van die volgende:

(a) Die laaste rapport wat deur die vorige skool uitgegee is;

(b) 'n Beëdigde bevestiging van die ouer wat die rede vir geen oorplasingskaart vermeld, en die graad wat die leerder by die vorige skool bygewoon het; of

(c) waar die leerder geregistreer is vir tuisonderrig, 'n verslag deur 'n bekwame assesseerder wat die laaste graad vermeld.

(12) Indien die ondersteunende dokumentasie wat kragtens subregulasie (9) of (11) ingedien is, onvoltooid, onbeslis is of kommer opper oor die akkuraatheid van die leerder se akademiese vlak, moet die skoolhoof van die ontvangskool van die leerder vereis om 'n formele assessering deur die ontvangskool te ondergaan om te bepaal in watter graad die leerder geplaas moet word.

(13) Indien die ontvangskool nie die assessering kan lei nie, of as verdere kontrole nodig is, moet die Departement 'n onafhanklikke assessering lei of fasiliteer om te bepaal wat die gepaste graad sal wees om die leerder te plaas.

(14) Terwyl die uitslag van 'n assessering beoog in subregulasie (12) of (13) afgewag word, moet die leerder voorwaardelik in 'n klas geplaas word.

(15) 'n Besluit rakende die graad plasing van 'n leerder en die redes daarvoor deur die skoolhoof van die ontvangskool skriftelik aan die ouer van die leerder gekommunikeer word.

## Bewys van inenting

**14.** (1) Onderhewig aan subregulasie (2), moet die ouer van die leerder, op aansoek vir toelating tot 'n openbere skool, bewys lewer van die leerder se inenting teen—

(a) poilo;

(b) masels;

(c) tuberkulose;

(d) difterie;

(e) tetanus; en

(f) hepatitis B

(2) 'n Ouer van 'n leerder moet skriftelik aan die DH aanskoek doen vir vrystelling van daardie leerder om ingeent te word: met dien verstande dat die mediese diagnoses van die leerder ondersteun moet word deur 'n motivering van 'n gesondheids praktisyn wat by die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe geregistreer is en die geskikte kwalifikasies het om te bepaal of 'n leerder vrygestel moet word.

(3) Die motivering bedoel in subregulasie (2) moet duidelik die mediese diagnose, risiko's, en

redes hoekom die leerder nie ingeënt moet word nie en, indien nodig moet die DH verdere mediese assessering versoek voor 'n besluit geneem word.

(4) Indien die motivering vir vrystelling van inenting op 'n kulturele of godsdienstige waarneming gebaseer is, moet die motivering ondersteun word deur bewys van vorige gedrag in ondersteuning van die kulturele of godsdienstige praktyke waar bewys mag insluit—

(a) 'n beëdigde verklaring;

(b) bevestiging van 'n erkende godsdienstige of kulturele leier; of

(c) historiese mediese rekords wat vroeër vrystellings, gebaseer op godsdienstige of kulturele oortuigings, wys.

(5) Met ontvangs van 'n vrystellingsaansoek moet die DH—

(a) binne sewe werksdae nadat die aansoek ontvang is, die onvangs daarvan erken;

(b) Binne veertien werksdae na die onvangs van die aansoek 'n aanvanklike assessering lei om die volledigheid na te gaan en enige uitstaande inligting te versoek;

(c) die aansoek oorweeg en 'n besluit neem binne dertig werksdae na die ontvangs van 'n volledige aansoek;

(d) indien die aansoek toegestaan word, 'n geskrewe bevestiging van die vrystelling aan die ouer voorsien; en

(e) indien die aansoek geweier word, die ouer skriftelik voorsien van die besluit, met redes.

(6) Indien 'n ouer nie bewys dat die leerder ingeënt is of bewys van vrystelling deur die DH kan lewer nie, moet die skoolhoof van die openbare skool dadelik die ouer aanraai dat—

(a) die leerder binne dertig dae ingeënt moet word as deel van die gratis primêre gesondheidsorg program; en

(b) in die beste belang van ander leerders by die skool, sal die leerder nie tot skoolgronde of tot die skool toegelaat word, terwyl hy of sy nie ingeënt of vrystelling van inenting verkry het nie.

(7) Indien die ouer weier of versuim, om binne dertig dae van die datum van die geskrewe kommunikasie in subregulasie (6) bedoel, om bewys van inenting of vrystelling van inenting in te dien, moet die skoolhoof van die openbare skool, in die beste belang van ander leerders by die skool, nie die leerder tot die skool toelaat nie.

## Skoolkommunikasie met ouers rakende die status van toelating

**15.**(1) Indien 'n aansoek vir toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool goedgekeur word, moet die openbare skool die ouer van die leerder binne 14 dae skriftelik, of in 'n wyse wat deur die DH bepaal word van sodanige besluit in kennis stel.

(2) Indien 'n aansoek vir toelating van 'n leerder geweier word, moet die openbare skool die ouer van die leerder binne 14 dae dae skriftelik, of in 'n wyse wat deur die DH bepaal word inlig—

(a) oor die redes vir sodanige weiering en

(b) oor die reg om teen die weiering te appelleer.

## Toelating van leerders wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie

**16.**(1) Die Wet en hierdie Regulasies is van toepassing op leerders wat nie burgers van die Republiek van Suid-Afrika is nie.

(2) kragtens die tersaaklike wetgewing, word nie-Suid-Afrikaanse burgers as volg gekategoriseer–

(a) buitelanders wat in besit is van 'n tydelike verblyfsvisum, permanente verblyfspermit of enige ander spesiale vergunning verblyfsdokument wat deur die Departement van Binnelandse Sake kragtens die "Immigration Act, 2002" (Wet No. 13 van 2002); of

(b) buitelanders wat in besit is van 'n asielversoeker visum of vlugteling visum wat deur die Departement van Binnelandse Sake ooreenkomstig artikels 22 en 24 van die Wet op Vlugtelinge, 1998 (Wet No. 130 van 1998), onderskeidelik uitgereik is.

(3) Waar die ouers van 'n leerder buitelanders is, en permanente of tydelike verblyfspermitte het, moet die volgende dokumentasie as deel van die aansoek vir toelating van die leerder tot 'n openbare skool ingedien word:

(a) 'n Gesertifiseerde afskrif van die leerder se geboortesertifikaat uitgereik deur die tersaaklike gesag van sy of haar geboorteland;

(b) waar die leerder in die Republiek van Suid-Afrika gebore is, 'n gesertifiseerde afskrif van die leerder se geboortesertifikaat uitgereik deur die tersaaklike gesag van sy of haar geboorteland of die leerder se geboortesertifikaat uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake ooreenkomstig die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet No. 51 van 1992);

(c) 'n gesertifiseerde afskrif van die leerder se studievisum of permanente of tydelike verblyfspermit (indien van toepassing);

(d) 'n gesertifiseerde afskrif van die leerder se identiteitsdokument van sy of haar geboorteland as hy of sy 16 jaar of ouer is, of 'n gesertifiseerde afskrif van die leerder se paspoort;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(e) gesertifiseerde afskrifte van die ouers se paspoorte;

(f) gesertifiseerde afskrifte van die ouers se permanente of tydelike verblyfspermitte (indien van toepassing); en

(g) die tersaaklike dokumentasie beoog in regulasies 13 en 14.

(4) Waar die ouers van 'n leerder vlugtellinge of asielversoekers is, moet die volgende dokumentasie as deel van die aansoek tot toelating van die leerder tot 'n openbare skool ingedien word:

(a) 'n Gesertifiseerde afskrif van die leerder se geboortesertifikaat, uitgereik deur die tersaaklike gesag van sy of haar geboorteland; of

(b) waar die leerder in die Republiek van Suid-Afrika gebore is, 'n gesertifiseerde afskrif van die leerder se geboortesertifikaat uitgereik deur die tersaaklike gesag van sy of haar geboorteland, of die leerder se geboortesertifikaat uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake ooreenkomstig die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992;

(c) 'n gesertifiseerde afskrif van die vlugtelingspermit uitgereik kragtens artikel 24 van die Wet op Vlugtelinge, 1998 of asielversoekervisum uitgereik kragtens artikel 22 van die Wet op Vlugtelinge, 1998, soos van toepassing;

(d) gesertifiseerde afskrifte van die ouers se vlugtelingspermitte uitgereik kragtens artikel 24 van die Wet op Vlugtelinge, 1998 of asielversoekervisum uitgereik kragtens artikel 22 van die Wet op Vlugtelinge, 1998, soos van toepassing; en

(e) die tersaaklike dokumentasie beoog in regulasies 13 en 14.

(5) Indien 'n ouer van 'n buitelandse leerder, tot 'n openbare skool aansoek doen vir toelating van daardie leerder en die naam van die leerder nie as 'n afhanklike van die betrokke ouer blyk wees op die benodigde dokumente ingevolge hierdie Regulasies vir daardie besondere leerder nie, moet die skool die leerder op grond van die beskikbare dokumente benodig ingevolge hierdie Regulasies waar die leerder aanmerklik vir toelating is, toelaat.

(6) Subregulasie (5) is van toepassing as daar die redelik vasgestel kan word of die ouer die wettige voog van die leerder is nie, of as dit nie duidelik is wat die verhouding tussen die ouer en die leerder is nie, met dien verstande dat in sodanige gevalle, en in die voorkoming van mensehandel, die betrokke partye na die Departement van Justisie of die Departement van Korrektiewe Dienste en die Departement van Sosiale Ontwikkeling verwys moet word om die benodigde bevestigingsdokumentasie te verkry.

(7) Waar redelike twyfel bestaan rakende die gewaarmerktheid van inligting en dokumentasie ingedien ingevolge die regulasie, moet die skoolhoof van die openbare skool, alle dokumente en inligting ontvang saam met die aansoek vir toelating van die leerder,

na die naaste kantoor van die Departement van Binnelandse Sake vir waarmerking stuur, terwyl die betrokke leerder onderrig in die skool ontvang.

### Toelating van ongedokumenteerde leerders

**17.**(1) Die reg tot basiese onderrig sluit almal binne die grense van Suid-Afrika in, ongeag van hul nasionaliteit en immigrasie status.

(2) Leerders sonder geldige dokumentasie is net so geregtig tot toelating tot openbare skole soos gedokumenteerde leerders: Met dien verstande dat hul ouers, binne die tydperke beoog in regulasie 13, hul toelatingsaansoek in die gewone gang, saam met al die vereiste dokumente wat aan hul beskikbaar is of 'n beëdigde verklaring wat verduidelik hoekom hul nie in staat is om sodanige dokumente te voorsien nie.

(3) Die hoof van 'n openbare skool moet binne sewe werksdae van toelating aan die DH of aangewysde onderwys distriksamptenaar verslag lewer in enige instansie waar 'n leerder sonder geldige dokumentasie toegelaat word.

(4) Die DH of 'n persoon wat deur hom of haar gemagtig is, moet terwyl die ongedokumenteerde leerder onderrig ontvang—

(a) die ouers van sodanige leerder aanspreeklik hou om 'n geboortesertifikaat van sodanige leerder te bekom; en

(b) bystand aan sodanige ouers bied met inbegrip van skakeling met die naaste kantoor van die Departement van Binnelandse Sake vir bystand, om te verseker dat 'n ongedokumenteerde leerder wat tot 'n openbare skool toegelaat is, gedokumenteer is.

### Leerders met spesiale onderwysbehoeftes

**18.**(1) 'n Gewone openbare skool moet leerders met spesiale fisiese onderwysbehoeftes toelaat, waar dit redelik uitvoerbaar is.

(2) Die DH moet die nodige reëlings tref, waar redelik uitvoerbaar, om te verseker dat fasiliteite en ondersteuning by gewone openbare skole toeganklik is vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes.

(3) Waar die nodige fasiliteite en ondersteuning wat nodig is om die integrasie van 'n leerder met spesiale onderwysbehoeftes in 'n gewone openbare skool te fasiliteer nie deur die Departement voorsien kan word nie, moet die skoolhoof van die openbare skool, die aansoek vir toelating na die DH verwys om toelating vir die leerder te reël tot 'n gepaste openbare skool in die tersaaklike provinsie.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(4) Voor die DH toelating van die leerder tot 'n gepaste openbare skool in die provinsie soek soos beoog in subregulasie (3), moet die DH of 'n persoon deur hom of haar gemagtig, 'n konsultasie met die ouers van die leerders, Skoolbestuurspan en die geskikte onderwysers van die gewone openbare skool wat die toelatingsaansoek vir die leerder ontvang het, en die tersaaklike Distriksamptenare reël om die leerder se spesiale onderwysbehoeftes te assesseer en die geskikte onderrigopsies vir die leerder te identifiseer.

(5) Die DH moet skriftelik die toelating van 'n leerder tot 'n geskikte openbare skool in die tersaaklike provinsie goedkeur na die assessering en konsultasie benodig in subregulasie (4) onderneem is en die ouers van die leerder ingestem het tot die toelating van die leerder in die openbare skool wat as geskik geïdentifiseer is.

(6) Die proses bedoel in subregulasies (3) tot (5) moet as 'n dringende saak hanteer word om die toelating van die leerder so gou as redelik moontlik te fasiliteer en om te verseker dat die leerder nie benadeel word om geskikte onderrig te ontvang nie.

## Kriteria vir toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool op 'n ouderdom laer as die toelatingsouderdom vir graad R

**19.** 'n Leerder mag tot 'n openbare skool toegelaat word op 'n ouderdom laer as die toelatingsouderdom vir graad R, as hy of sy, na bevrediging van die DH–

(a) kognitiewe, emosionele, sosiale en fisiese ontwikkeling geskik vir deelname aan Graad R toon, soos bevestig deur 'n formele assessering deur die skool; en

(b) in sy of haar ontwikkeling ondersteun word deur—

(i) ouers wat die implikasies van vroeë toelating tot 'n skool verstaan en aanvaar; en

(ii) die onderwysers en personeel by die skool waar die leerder toegelaat word, sonder die nadeel van die onderrig van die leerders.

## Toelating van leerders op 'n ouderdom bo die ouderdomsvereistes

**20.**(1) Indien 'n leerder tot 'n openbare skool toegelaat is op 'n ouderdom bo die ouderdomsvereistes waarvoor voorsiening gemaak is in die Wet, moet sodanige leerder sover as redelik moontlik, in 'n snelspoor fasiliteit of saam met sy of haar portuurgroep geplaas word, tensy dit nie in die beste onderrigbelang van die leerder is nie.

(2) Indien 'n leerder beoog in subregulasie (1) nie met sy portuurgroep geplaas kan word nie, moet die leerder in 'n geskikte laer graad geplaas word, en 'n versnelde program moet

geimplementeer word vir die leerder om hom of haar in staat te stel om so gou as redelik moontlik met die portuurgroep op te vang.

(3) 'n Leerder wat 16 jaar oud of ouer is en wat nooit skool bygewoon het nie en wat toelating vir die eerste keer soek, of nie voldoende vordering met sy of haar portuurgroep gemaak het nie, moet aangeraai word om by 'n Onderrig- en Opleidingsentrum vir Volwassenes in te skryf.

## Skoolsonering

**21.**(1) 'n DH moet na oorleg met die beheerliggame toelatingsgebiede vir openbare skole bepaal, om die leerdergetalle van skole, en die ouervoorkeur, te beheer.

(2) Sodanige toelatingsgebiede hoef nie geografies aangrensend aan die skool of aan mekaar te wees nie.

(3) Wanneer toelatingsgebiede oorweeg word moet die DH al die tersaaklike inligting oorweeg met inbegrip van maar nie beperk tot—

(a) die kapasiteit van die skool en skole in die area om leerders te akkomodeer;

(b) die taal en kurrikula wat by die skool en die skole in die omgewing aangebied word;

(c) inligting en vooruitskattings rakende die gebied se bevolkingsdigtheid, leerder bevolkingsdigtheid en leerderinskrywings;

(d) die behoefte vir geografiese en transformasie van spasie; en

(e) óf die skool koshuisfasiliteite het en, indien wel, die behoefte om te verseker dat die skool toeganklik is aan leerders wat plasing in sodanige fasiliteite benodig.

(4) Toelatingsgebiede moet van tyd tot tyd hersien word soos omstandighede voorskryf.

(5) Die DH kan sekere kategorieë van skole, soos Spesiale Skole en Fokus Skole, van die bepaling van toelatingsgebiede uitsluit, gebaseer op daardie skole se omstandighede.

(6) Indien 'n toelatingsgebied geskep word, moet die volgende beginsels van toepassing wees:

(a) Voorkeur moet aan 'n leerder gegee word—

(i) wat se ouer naaste aan die skool in die toelatingsgebied van die skool woon;

(ii) wat 'n broer of suster in die skool het in die jaar waarvoor toelating versoek word;

(iii) wat se ouer se werksadres in die toelatingsgebied is;

(b) 'n leerder wat buite die toelatingsgebied woon word nie belet om toelating te soek by watter ook al skool hy of sy kies nie;

'n leerder wat binne die toelatingsgebied van skool A woon moet na die nabygeleë skool B gewys word indien skool A oorvol is. Indien skool B oorvol is, moet 'n alternatiewe skool binne 'n billike afstand deur die DH of 'n persoon wat deur hom of haar aangewys is gevind word. Indien dit nie moontlik is nie, moet skool A die leerdeer toelaat.

(7) 'n Skool met 'n spesifieke veld van spesialisering, soos 'n tegniese skool, moet 'n veel groter toelatingsgebied hê om leerders met spesifieke aanlegte, belange of behoeftes te huisves.

## Regte en verpligtinge van ouers

**22.** Die beheerliggaam van 'n openbare skool moet, vanaf die tyd van leerders se toelating en op geskikte intervalle, alle ouers duidelik en op 'n toeganklike wyse van hul regte en verantwoordelikhede onder die Wet en tersaaklike provinsiale wetgewing inlig, welke inligting moet ten minste insluit—

(a) die vereiste vir leerders om skool gereeld by te woon;

(b) die behoefte aan geldige dokumentasie soos benodig onder regulasies 13, 14, 16 en 17, waar van toepassing; en

(c) die sleutelaspekte van die skool se bestuur en werksaamhede, met inbegrip van—

  (i) hoe die skoolbegroting bepaal word;

  (ii) die aansoekproses vir vrystelling van skoolgelde;

  (iii) hoe om besluite oor aansoeke vir vrystelling van gelde te appelleer;

  (iv) besluite geneem deur ouer vergaderings oor skoolgelde; en

  (v) die gedragskode vir leerders en enige beskikbare vrystellings.

## Reg tot appèl

**23.**(1) 'n Appel ingedien by die Lid van die Uitvoerende Raad ingevolge artikel 5(9) of (11) die Wet moet, waar tersaaklik, die spesifieke bepalings van die openbare skool se toelatingsbeleid, wat die basis van die appèl vorm, identifiseer en verduidelik.

(2) Wanneer die Lid van die Uitvoerende Raad 'n appèl ingevolge artikel 5(9) van die Wet ontvang, moet hy of sy—

(a) 'n afskrif van die appèl aan die skoolhoof en die beheerliggaam van die betrokke openbare skool verskaf en hul nooi om geskrewe vertoë oor die gronde van die appèl binne 'n tydperk nie langer as vyf dae in te dien; en

(b) alle tersaaklike faktore, met inbegrip van ten minste die skool se toelatingsbeleid, die inhoud van die appèl, en enige vertoë ingedien, in aanmerking neem

(3) Wanneer die Lid van die Uitvoerende Raad 'n appèl ingevolge artikel 5(11) van die Wet ontvang, moet hy of sy—

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(a) 'n afskrif van die appèl aan die DH verskaf en die DH nooi om geskrewe vertoë oor die gronde van die appèl binne 'n tydperk nie langer as vyf dae in te dien; en

(b) alle tersaaklike faktore, met inbegrip van ten minste die inhoud van die appèl, enige vertoë wat deur die DH ingedien is, en alle faktore wat die DH onder artikel 5(5)(*b*) van die Wet en regulasie 5 in aanmerking moes neem.

## Kort titel

**24.** Hierdie Regulasies word die Regulasies vir Toelating van Leerders tot Openbare Skole, 2025, genoem.